

Lêerno.: 24/1/P  
Verwysing: 20240521-3987

Omsendbrief: 0017/2024

Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore),  
Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO-  
koördineerders, Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare skole

Kort opsomming: *Standaardbedryfsprosedure om voorvalle aan te teken.*

**Onderwerp: Standaardbedryfsprosedure om voorvalle by die IT-hulplessenaar vir skole aan te teken**

1. Die Inligtingstechnologie- (IT-) hulplessenaar vir skole dien om tegniese ondersteuning aan alle skole van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) te verskaf.
2. Die IT-hulplessenaar vir skole is die enigste kontakpunt vir eindgebruikers van die WKOD se IT vir skole. Alle voorvalle moet deur die gebruiker wat vir die onderskeie Inligtings- en Kommunikasietegnologie-toerusting of -stelsel verantwoordelik is, aangeteken word.
3. Die inligting wat vooraf benodig word, asook die prosedures wat gevolg moet word om voorvalle aan te teken, is by hierdie omsendbrief aangeheg (**kyk Bylae A**).
4. Die kontakbesonderhede vir tegniese ondersteuning is soos volg:

Naam	Tel.	E-posadres	WhatsApp
IT-hulplessenaar vir skole	021 834 4690	<a href="mailto:SchoolsIT.ServiceDesk@westerncape.gov.za">SchoolsIT.ServiceDesk@westerncape.gov.za</a>	021 900 7123

5. Indien enige verdere inligting verlang word, gaan na die volgende webwerwe wat in die tabel hieronder verskaf word:

<b>Webwerf</b>	<b>URL-skakel</b>
IT vir skole	<a href="https://schoolsit.wcschools.gov.za/">https://schoolsit.wcschools.gov.za/</a>
WKOD se e-Portaal	<a href="https://wcedeportal.co.za/the-enabling-environment">https://wcedeportal.co.za/the-enabling-environment</a>

6. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle opvoeders te bring.

**GETEKEN:** B WALTERS

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2024-06-04